Jesus wil verstaan word

Matteus 4:18-5:2
Sleutel verse: 5:1,2

Inleiding

Soms voel God so onvindbaar en onverstaanbaar. Asof Hy dit aspris moeilik maak. Dan sê ons: dit voel asof ek teen die plafon vas bid. Dit voel asof Hy nie daar is nie. Ek lees en bid maar niks gebeur nie. Ek bid en lees nie meer nie – dit help nie. Hy sien my nie raak nie, of wil my nie raaksien nie... en as Hy my raaksien... sal Hy in elkgeval net wil wegkyk as Hy my lewe sien. Ek kan net nie agterkom wat Hy wil hê nie. Dis voel eintlik soms regtig asof Hy nie verstaan wil word nie.

Maar hoe lyk God se hart hieroor regtig?

Agtergrond

Jesus het hier pas begin met sy werk. Hy was pas gedoop en daarna voorberei deur die versoeking in die woestyn. Hy het 'n profesie vervul deur in Kapernaum te gaan woon en die kern van sy boodskap met die Jode begin deel: "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom." Min mense het Hom al geken.

Maar sonder een SMS of epos het hierdie woorde van Jesus omtrent die hele Joodse gemeenskap laat regop sit want hulle het geweet dat 'n nuwe koninkryk sal kom en dat die spesiale een van God, die Messias, ook die koning gaan wees.

Jesus het toe solank vir Hom vier mense gekry vir praktiese indiensopleiding. Hy het wyd rondgepreek in sinagoges en ook deur wonderwerke Homself bewys as die spesiale een van God. Hierdie nuus het vinniger versprei as nuus wat baie vinnig versprei. Mense van naby en vêr het rondom Jesus begin saamkoek.

Daar was groot belangstelling, nuuskierigheid en afwagting. Hulle het gehoor hulle moet hulle bekeer, maar wie sal uiteindelik reg genoeg kon wees vir die Koninkryk van die hemel? Hulle het die wette geken wat deur hulle leiers ingedril is. Hulle het 'n bepaalde persepsie gehad van wat die vat om 'n goedgekeurde Jood te wees... maar wie sou inkom en wie sou moes buite bly?

Die oomblik

En toe gebeur die oomblik. Jesus sien hierdie massas mense raak wat op sy woorde en optrede begin reageer het. Nou,... dis nie asof Hy nié van hulle geweet het en nou skielik kom Hy om 'n hoek en daar staan hulle nie! Nee, Hy sien net skielik dieper as die lywe wat daar staan... Hy sien skielik tot in hulle harte.

...'n Klomp mense met groot afwagting maar baie onseker en verward oor Hom. Onseker oor hierdie koninkryk waarvan Hy praat en of hulle geweeg en dalk te lig gevind gaan word... En wanneer Hy hulle só raaksien doen Hy iets wat op sigself vir ons die Christelike boodskap van die laaste 2000 jaar verduidelik...:

"Toe Jesus die menigte mense sien, het Hy teen die berg opgegaan. Nadat Hy gaan sit het, het sy dissipels na Hom toe gekom, [2]en Hy het hulle geleer en gesê..."

Wat!? Hoe in die lewe verduidelik hierdie sin die Christelike boodskap van die laaste 2000 jaar! Dit is een van daardie versies wat mens sommer oor spring om by die 'juicy' dele te kom. Die meeste mense stel belang in wat Jesus gaan sê maar dink nie hierdie inleiding is belangrik nie. Maar hierdie vers is een van die kragtigste in hierdie hele gedeelte. Dit som eintlik die hele gedeelte op! ...hoekom sal julle vra is hierdie vers so belangrik?...

Dis 'n prentjie van God wat my en jou verdwaaldheid raaksien, stelling inneem om lewegewende woorde te deel en verstaan wil word.

Matteus sê baie aspris dat hierdie horde mense wat so saamdrom, Jesus opval. Hy sien die dinge wat in hulle harte en gemoed aan die gang is. Dis dan wanneer Hy 'n klein entjie teen die berg uitgaan en gaan sit om juis daaroor te praat. Dit was die gebruik van Rabbi's om te sit terwyl hulle hulle volgelinge leer. Wanneer Jesus dan so paar tree eenkant gee en gaan sit weet die vier manne wat hy nou pertinent geroep het dit is nou tyd... hulle moet naderstaan... hier kom dit nou... Hy gaan hulle nou leer oor hierdie massa mense.

Die verwarde en onsekere klomp. Wat moet hulle harte hoor? Wat is die antwoord wat hulle nodig het vir die vrae in hulle gemoed? Wie gaan kan deel wees van die koninkryk van die hemel? Jesus sien hierdie vrae... en wil hulle baie graag die antwoorde gee.

Om verstaan te word

Hy wil verduidelik. Hy wil vertel. Hy wil verkeerde idees regstel. Hy wil geken word. Hy wil so graag woorde en wysheid deel wat werklik die koninkryk van God vir hulle sal verduidelik en wat dit is om daarin te lewe. Jesus, ...wil verstaan word!!

Maar so baie mense voel asof God die teenoorgestelde doen. Asof Hy nie gekry wil word nie. Asof Hy nie die deur oopmaak as ons klop nie en nie sy foon antwoord as ons bel nie. Asof Hy nie gepla wil word of wil toelaat dat ons Hom leer ken nie. Mense voel oor die algemeen dat... as Hy hoegenaamd daar is... Hy dit baie moeilik vir ons maak om Hom te kry en Hom te leer ken.

In 'n onderhoud is Richard Dawkins, bekende Ateïs, gevra wat hy sou doen indien hy na sy dood wel voor God te staan sou kom. Richard Dawkins het Bertrand Russel, 'n ateïs uit die 1950's aangehaal en gesê dat hy sou vra: "Sir, why did you go through so much pains to hide yourself?"

Maar hierdie twee verse wil ons anders laat dink oor God. Hierdie eenvoudige twee verse - die opmerk van die skare se gemoed, die eenkant gaan sit en begin gesels - spreek boekdele van God se hart... vir jou en my.
Ons almal is op 'n ander plek, maar Hy sien ons soeke en verdwaaldheid... Hy verstaan jou vrae en onsekerheid... Hy weet waar jy reg verstaan en waar jy verkeerd verstaan. Hy weet van jou regte en verkeerde verwagtings van godsdiens, van Christenskap en van God, van sy liggaam 'die kerk'. Hy sien alles.

En Hy wil ons reghelp, antwoord, leer, vorm, ...alles doen wat nodig is om te weet waaroor die koninkryk van die hemel gaan en wat dit is om daarin te lewe.

Maar die krag van wat ons uit hierdie 1 inleidende sin haal tref jou dubbel tussen die oë as jy sien hoe Matteus hierdie hart van Jesus 4 hoofstukke later by 'n heeltemal ander geleentheid beskryf in Matteus 9:35-38.

[35]Jesus het al die dorpe en klein plekkies besoek. Hy het die mense in hulle sinagoges geleer, die evangelie van die koninkryk verkondig en elke soort siekte en kwaal gesond gemaak.
[36]Toe Hy die menigtes sien, het Hy hulle innig jammer gekry, want hulle was moeg en hulpeloos soos skape wat nie 'n wagter het nie. [37]Hy sê toe vir sy dissipels: "Die oes is groot, maar die arbeiders min. [38]Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes."

Wow! Dit is regtig Jesus se hart! Die woord wat hier vertaal word met 'innig jammer gekry' beteken letterlik: "geroerde binnekant". God se binnekant roer wanneer Hy jou raaksien. Hy sien jou moegheid en frustrasie, jou gevoel van hulpeloosheid diep in jouself wat jy nie sommer teenoor ander mense sal erken nie. En by

hierdie spesifieke gedeelte lees ons hoe Jesus sy volgelinge opdrag gee om iets daaraan te gaan doen. Hy sien nie net raak nie, Hy wil ook hê iets moet daaromtrent gedoen word.

God wil so graag dat ons nie moeg, frustreerd, verdwaal en hulpeloos voel nie. Hy wil dat ons sy koningskap verstaan en ontdek wat dit is om daarin en daaruit te lewe. Dit is hoekom God self Homself verneder het en in die eerste plek gekom het. Dit is hoekom Jesus hier sy volgelinge opdrag gee om iets daaraan te doen. Dit is hoekom Hy in Matteus 5 nou op die punt is om presies die antwoord te gee vir 'n mens se verdwaalde hart.

Ek dink die vraag wat God eerder met verwondering gevra moet word, is: "Sir, why did you go through so much pains to show yourself"

Dit is presies die rede vir Nagmaal... 'n herinnering aan God se ultimate bewys dat Hy jou raaksien en verstaan. Nagmaal wat ons oor en oor doen om daardie boodskap te onthou en op die spoor te bly. Om deur die eet van brood en drink van wyn herinner te word hoe alles nou weer werk: Hy wat Homself offer, die dood se mag oor ons breek sodat ons nie die onsekerheid en verwaaldheid in ons binnekante met enige iets ander hoef te stil as met Hom nie. Dat ons kan lewe met Hom in ons, nou in sy koninkryk met sy sorg en genade en Hom as ons koning.

Die volgende drie weke gaan ons daarom juis kyk na die inhoud van wat Jesus vir sy dissipels gesê het toe Hy/sy mond oopgemaak het om hulle verdwaalde harte rigting te gee. Die reeks se naam is daarom "Pursuit of Happiness". Ons gaan kyk na die vals maniere waarop ons geluk soek en leer van die enigste maniere waardeur God geluk aanbied.

Ons het nou nog net gehoor dat Jesus wil help, deur die loop van die reeks gaan ons waarhede ontdek wat ons rigting sal gee vir ons lewens vandag in sy koninkryk.

Slot

"He does not go through pains to hide himself, he went through pains to show Himself"

"Toe Jesus die menigte mense sien, het Hy teen die berg opgegaan. Nadat Hy gaan sit het, het sy dissipels na Hom toe gekom, 2en Hy het hulle geleer en gesê..."

Amen!

Griffel van Wyk
Brooklyn
29 Augustus 2010